higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STAATSBESTUUR
NKR VLAK 4

(8011004)

1 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

154Q1N2001

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Los ’n spasie en trek ’n lyn deur die bladsy wanneer elke vraag voltooi is.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Voltooi die volgende sin of sinne deur ’n woord of woorde uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.1.1–1.2.3) in die ANTWOORDBOEK.

reg; parlement; regering; inligting; beskerming; menslike hulpbronne; bestuur; misdaad; voordeel; bevindings

1.1 Die SAMRK moet op ’n gereelde basis aan (1.1.1) … rapporteer oor hulle waarnemings en ondersoeke en wat hulle (1.1.2) … was. (2)

1.2 Almal is gelyk voor die (1.2.1) … en is geregtig op gelyke (1.2.2) … en (1.2.3) … van die reg. (3)

[5]

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf. Korrigeer die stelling as dit ONWAAR is.

2.1 Om kommunikasie tussen die polisie en die gemeenskap te bevorder, is ’n funksie van ’n Gemeenskapspolisiëringsforum.

2.2 Een van die SAPD se rolle is om die mense van Suid-Afrika veilig te hou.

2.3 Die missie van die NVG verklaar: ‘Gelei deur die Grondwet, verseker ons in die Nasionale Vervolgingsgesag geregtigheid vir die plegers van misdaad deur vervolging sonder vrees, guns of vooroordeel en deur saam met ons vennote en die publiek te werk om misdaad op te los en te verhoed.’

2.4 Die Onafhanklike Klagtedirektoraat kan skendings van menseregte ondersoek.

2.5 Die OPOD kan hofbeamptes ondersoek.

2.6 Die NVG het die gesag om kriminele verrigtinge te staak.

2.7 As jy, as ’n Suid-Afrikaner, hulp nodig het wanneer jy in ’n ander land is, kan jou die naaste Suid-Afrikaanse ambassade vir hulp kontak.

2.8 Die Adjunk- Nasionale Kommissaris van operasionele dienste hou toesig oor loopbaanbestuur.

2.9 ’n Klagte by die Onafhanklike Klagtedirektoraat kan slegs per geregistreerde pos ingedien word.

Kopiereg voorbehou

2.10 Voetpatrollie is waar ’n beampte ’n spesifieke area of straat op ’n spesifieke roete op ’n deurlopende basis vir die duur van sy skof patrolleer.

[15]



VRAAG 3

Kies ’n beskrywing uit KOLOM B wat pas by ’n term in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Multilateralisme	A	om in ’n area rond te dwaal
3.2	Protokol	B	voorgestelde verduideliking vir ’n groep feite
3.3	Remediërend	C	’n stelsel reëls wat die korrekte manier uiteensit om in formele situasies op te tree
3.4	Jurisdiksie	D	’n kuur om iets reg te stel
3.5	Dispensasie	E	Riglyn vir aanvaarbare gedrag
3.6	SAMRK	F	administrasiestelsel
3.7	Polisie gedragskode	G	voortrekkery van familielede
3.8	Buitestedelik	H	weerspieël die geslagsamestelling van Suid-Afrika oor die algemeen
3.9	Rondhang (‘Loitering’)	I	mag of gesag
3.10	Nepotisme	J	die beginsel van deelname deur drie of meer partye
		K	onmiddellik langs ’n stad

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Noem DRIE dinge waaraan ’n polisiebeampte hom/haar moet verbind volgens die polisie se gedragskode om ’n veilige omgewing vir alle mense van Suid-Afrika te skep. (3)

4.2 Wat is die doel van die minister se komitee vir die Departement van Veiligheid en Sekuriteit? (3)

4.3 Verduidelik die betekenis van ‘stropery’. (1)

4.4 Noem DRIE funksies van ’n GPF. (3)
[10]

VRAAG 5

5.1 Noem TWEE sake wat buite die jurisdiksie van die Onafhanklike Polisie-ondersoekdirektoraat val. (2)

5.2 Noem VIER magte van Omgewingsbestuursinspektorate. (4)

5.3 Noem die VIER posisies van verteenwoordigers van die vier verskillende organisasies wat aan die hoof van die Nasionale Intelligensiekomitee staan. (4)
[10]

TOTAAL AFDELING B: 20

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 6

Lees die volgende artikel aandagtig deur en beantwoord die vrae.

OPENBARE WERKE MOET OOP KAARTE SPEEL OOR DIE MISBRUIK VAN OPENBARE FONDSE

-deur Corruption Watch, 7 Okt 2014-

Die Departement van Openbare Werke het grootskaalse misbruik van openbare fondse in sy geledere bevestig. By ’n media-inligtingsessie verlede week, het Minister Thulas Nxesi gesê dat ondersoeke ’n skokkende R35-miljard in verkwistende besteding onthul, waarvan sommige so ver as 13 jaar teruggaan. Openbare Werke (DOW) is verantwoordelik vir die bestuur van akkommodasiebehoeftes van regeringsentiteite. Dit bevorder die nasionale Uitgebreide Openbarewerkeprogram wat tot die transformasie van die plaaslike konstruksie- en eiendomsektor bydra. Die departement was nou betrokke by die Nkandla-opgraderingskandaal. Nxesi was uitgesproke oor die uitwissing van korrupsie in die departement waarvoor hy Corruption Watch se heldestatus in Augustus 2012 verdien het. Sedertdien was dit net afdraande vir die DOW – in Januarie 2013 en Julie 2014 het hy ’n nul gekry vir sy wanbestuur van openbare fondse. ‘Om korrupsie in die DOW uit te wis, moet een van die moeilikste take in regering wees,’ sê Corruption Watch se uitvoerende direkteur David Lewis.

‘Gesien Nxesi en die departement se unieke status as kampioen én verloorder, glo ons dat hy korrupsie met ’n wisselende mate van sukses aangepak het. Hierdie nuutste verslag dui daarop dat vordering gemaak word.’ Die volle omvang van die wanbestuur deur die DOW is eers verlede week onthul toe Nxesi optimisties verklaar het dat die departement se omkeerstrategie, waarvan deel die uitwissing van korrupsie, bedrog en swak bestuurspraktyke was, vrugte begin afwerp. ‘Die sessie vanoggend sal aandui hoe die departement die stryd teen wanadministrasie, swak prestasie en kwessies van bedrog en korrupsie wen,’ het hy gesê. ‘Dit word getoon deur ons besluit om die historiese las van onreëlmatige besteding aan te pak.’ Die syfers wat hy aangehaal het, is duiselingwekkend – gedurende die 2009/2010-finansiële jaar en vroeër het die departement 65% van die totale onreëlmatige besteding of R22.6-miljard verkwis, met ’n gemiddeld van R3.9-miljard per jaar in die daaropvolgende drie finansiële tydperke. Nxesi het egter aangedui dat dit geleidelik daal – in die 2013/2014-finansiële jaar is ’n relatief ombenullige halfmiljoen, of 2%, verkwis. Die inligting is verkry deur ’n diepgaande hersiening van ongeveer 1.3 miljoen transaksies. ‘Dit is moontlik,’ het Nxesi gesê, ‘dat sommige van die onreëlmatige besteding verband gehou het met ‘verdagte praktyke’. My span het reeds transaksies ter waarde van ongeveer R1.1 miljoen geïdentifiseer wat na die Spesiale Ondersoekeenheid (SOE) asook die departement se Bedrogbewustheid en Ondersoekeenheid verwys is. Dit vorm deel van die R35 miljard.’ Wat verantwoordbaarheid betref, sal dit ná ’n volledige ondersoek na elke geval van onreëlmatige uitgawes bepaal word, het Nxesi gewaarsku. ‘Ek kan julle ook verseker dat gepaste stappe gedoen sal word teen oortreders waar daar bevind word daar redelike gronde is.

In die afgelope vyf jaar, het hy bygevoeg, is meer as 100 gevalle van bedrog en korrupsie wat meer as R1.1 miljard behels, gefinaliseer of word ondersoek en baie DOW-beamptes gaan krimineel aangekla word.’ Die minister het sommige van hierdie persone by die naam genoem.

Kopiereg voorbehou

Die omkeerstrategie wat in 2012 aanvaar is, was ook verantwoordelik vir die vernuwing van die Eiendomsbestuurhandelsentiteit wat 'professionele en optimaal' bestaan om die regering se eiendomsportefeulje te bestuur.
Nxesi het genoem dat hy wil hê dat professionele uit die private sektor senior poste in die nuwe-voorkoms eenheid moet vervul. 'n SOE verslag, wat in September aan die parlement voorgelê is, het onthul dat senior DOW-beamptes hulle plig versuim het om toesig te hou oor oorbesteding by die Nkandla-opstal van President Jacob Zuma – in plaas daarvan het hulle toegelaat dat konsultante die bepalings voorskryf. Daarom, volgens die SOE, het kostes opgeblaas van 'n aanvanklike raming van R27 miljoen tot die finale bedrag van R246 miljoen. Ten minste een van die 15 DOW-beamptes wat aandadig is, Nkandla se projekbestuurder Jean Rindel, het gesê dat hy net verantwoordelikheid vir sy deel in die debakel sal aanvaar en nie almal se blaam gaan dra nie. 'Wat Nxesi ook al in sy departement bereik, sal hy altyd bekend wees as die minister wat probeer het om die Nkandla-skandaal toe te smeer em wat probeer het om beamptes in sy eie departement die sondebokke te maak om blaam weg te lei van waar dit eintlik hoort: by die president en sy makkers,' het Lewis gesê.

6.1 Noem die grondwetlik gevestigde organisasie wat die gesag het om kwessies soos onbehoorlike gebruik van openbare geld te hanteer, soos in hierdie artikel beskryf word. (1)

6.2 Volgens die artikel, waarom ondersoek hierdie organisasie hierdie kwessie? (1)

6.3 Noem DRIE ander mense of organisasies wat deur hierdie organisasie ondersoek kan word. (3)

6.4 Noem VYF ander sake wat deur hierdie organisasie ondersoek kan word. (5)

6.5 Noem die afdeling van die Grondwet wat die funksies en gesag van hierdie organisasie uiteensit. (1)

6.6 Noem VIER sake wat hierdie organisasie nie mag ondersoek nie. (4)
[15]

VRAAG 7

Lees die volgende gevallestudie aandagtig deur en beantwoord die vrae.

7.1 'n Meisie word gekry wat deur Johannesburg se strate dwaal. Die gemeenskapslede het haar na die plaaslike polisiestasie gebring. Sy kan baie min Engels praat en geen ander plaaslike taal nie. Nadat ondersoek ingestel is, word dit duidelik dat sy 'n slagoffer van mensehandel is.

7.1.1 Na jou mening, vir watter vorm van mensehandel is hierdie meisie waarskynlik gebruik? (2)

7.1.2 Noem TWEE ander tipes mensehandel. (2)

7.2 Jonathan is 'n 6-jarige seuntjie wie se ma in die tronk is vir moord en sy pa is 'n dwelmverslaafde. Hy is al verskeie kere misbruik deur sy pa se vriende wat dwelmhandelaars is. Jonathan se bure het dit aan die betrokke sosiale werkers gerapporteer. Hulle het hom weggeneem en in pleegsorg geplaas.

7.2.1 Noem die polisie-eenheid wat hierdie situasie moet ondersoek. (1)

7.2.2 Noem die primêre taak van hierdie eenheid. (1)

Kopiereg voorbehou

7.2.3 Noem DRIE ander misdade wat hierdie eenheid ondersoek. (3)

7.3 Mary is skuldig bevind aan inbraak. Sy is al vir 3 jaar in die tronk. As gevolg van goeie gedrag is sy onder korrektiewe toesig vrygelaat.

7.3.1 Verduidelik wat korrektiewe toesig is. (2)

7.3.2 Noem 'n ander tegniek wat deur tronkowerhede gebruik kan word om gevangenes vry te laat. (1)

7.3.3 Noem DRIE funksies van die Departement van Korrektiewe Dienste. (3)
[15]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 8

Beantwoord die volgende vraag.

Jy is onlangs as 'n opleier in die SAPD aangestel. Jy is by 'n plaaslike polisiestasie in Hammanskraal ontplooi en deur die Stasiebevelvoerder opdrag gegee om opleidingsmateriaal op te stel en die rol en funksies van sekere regeringsdepartemente op te som. Hierdie opsomming sal as 'n plakkaat in die polisiestasie gebruik word om die publiek oor die rol en funksies van regeringsdepartemente in te lig.

Skryf 'n paragraaf wat die rol en funksies van elk van die volgende regeringsdepartemente verduidelik:

8.1 Nasionale Vervolgingsgesag (NVG)

8.2 Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID)

8.3 Departement van Binnelandse Sake (DBS)

8.4 Interpol

(4 × 5) **[20]**

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou